
GEBED OM DIE VOORSPRAAK VAN ST. JOSEF

Got u, heilige Josef,
neem ons ons toevlug in tye van nood
en met vertrouwe smeeek ons u om beskerming.

In alle nederigheid bid ons u:
Sien goedgunstig neer op die erfdeel,
wat Jesus Christus deur sy Bloed vir ons gewen het,
en help ons in ons nood deur u magtige bystand.
Dit vra ons u ter wille van die liefde waarmee u
die onbevleete Maagd en Moeder bemin het
en die vaderlike teerheid waarmee u die Kind Jesus versorg het.

Gorgsame bewaarder van die Heilige Huisgesin,
beskerm die uitverkore kinders van Jesus Christus.

Liefderyke vader,
verwyder van ons alle besmetting van dwaling en slegte sedes.

Magtige beskermer,
staan ons vanuit die hemel genadig by
in ons stryd teen die magte van die duisternis.

Wn net soos u destyds die Kind Jesus
uit die grootste lewensgevaar gered het,
vra ons u nou om die heilige Kerk van God
teen alle vyandelike aanslae te verdedig.

Neem elkeen van ons in u blywende beskerming,
sodat ons, na u voorbeeld en gesteun deur u hulp,
heilig sal lewe en salig sal sterwe
en die ewige geluk in die hemel verkry.